# Drie weke oor vir nie-voorlopige individuele belastingpligtiges om opgawes elektronies in te dien

Pretoria, 13 November 2019 - Belastingseisoen vir individuele belastingpligtiges wat van SARS-takke gebruik maak om opgawes in te dien, het op 31 Oktober 2019 gesluit. SARS wil graag belastingpligtiges bedank vir die indiening van hulle opgawes tot dusver en is bemoedig deur die 3 882 111 persoonlike inkomstebelastingopgawes wat digitaal sowel as by takke ingedien is. Hierdie opgawes sluit opgawes vir die huidige en vorige jare in.

Die indiening van opgawes op enige digitale platforms, naamlik SARS MobiApp en eFiling, sal vir nie-voorlopige belastingpligtiges op 4 Desember 2019 sluit. Dit gee belastingpligtiges wat elektronies indien 'n addisionele drie weke op opgawes in te dien. Voorlopige belastingpligtiges het tot 31 Januarie om deur eFiling in te dien.

Met digitale kanale steeds beskikbaar, verwag SARS 'n geskatte 1 744 535 van die uitstaande opgawes, soos op 8 November 2019, om deur hierdie kanale ingedien te word. SARS wil belastingpligtiges, wat nog hul opgawes moet indien, herinner dat Belastingseisoen 2019 ontwerp is om die indiening van opgawes eenvoudig en maklik te maak.

Belastingpligtiges word aangemoedig om van die geleentheid en beskikbare ondersteuning gebruik te maak voor 4 Desember, met die kontaksentrum wat beskikbaar is tussen 08:00 en 18:00 van 25 tot 29 November en tussen 08:00 en 13:00 op Saterdag, 30 November.

Sou die verlengde elektroniese indieningstydperk nie gebruik word nie, sal administratiewe boetes gehef word vir elke maand wat die opgawe uitstaande is.  Die nie-indiening van opgawes is 'n kriminele oortreding.

Belastingpligtiges met uitstaande opgawes kan die SARS MobiApp aflaai vanaf die Playstore of Appstore en maklik die volgende aksies uitvoer:

1. Registreer vir SARS eFiling

2. 'n Opgawe indien

3. Die foonkamera gebruik om stawende dokumente op te laai

4. Gebruikersnaam of wagwoord herwin of herset

5. Kennisgewing van Aanslag (ITA34) besigtig, en

6. 'n Terugskakel versoek vir hulp van 'n SARS-agent.

SARS het ook eFiling 'n groot verfrissing laat ondergaan om navigasie veel makliker te maak en toe te laat vir buigbaarheid om vanaf enige plek in te dien.

Belastingpligtiges wat aan al die volgende kriteria voldoen, hoef nie 'n opgawe in te dien nie:

1. Hulle totale besoldigingsinkomste vir die jaar, voor belasting, nie meer as R500 000 is nie

2. Hulle slegs van EEN WERKGEWER besoldigingsinkomste ontvang vir die volle belastingjaar

3. Hulle het geen ander vorm van INKOMSTE nie (bv. motortoelaag, besigheidsinkomste of huurinkomste, belasbare rente of inkomste uit 'n ander betrekking)

4. Hulle het geen bykomende toelaatbare belasting-verwante aftrekkings om te eis nie (bv. mediese uitgawes, uittree-annuïteitbydraes of reisonkoste).

Sou belastingpligtiges 'n tak besoek met 'n inkomstebelastingopgawe navraag, sal hulle gehelp word met self-hulp deur die MobiApp of eFiling platforms.  Belastingpligtiges met slimfone sal vereis word om die SARS MobiApp af te laai voordat hulle met indiening kan voortgaan.